



Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## **HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR**

# **GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

## **HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ANTWOORDE**

**VAK: AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – TWEDE  
VRAESTEL**

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 21 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1

#### KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee: Opstelvraag

Inleidingsparagraaf

Lyf van opstel:

- Saul sien vir die eerste keer hoe dit buite die Bos lyk
- Beskrywing van Kate: engel/hare/oë/klere
- Rede vir werk by houtskuur
- Kate
- Engels lees
- Wanbetaling
- Houtkoop-taktiek
- Afkeur van houtkappers
- Ontdekking van goud
- Arend se dood
- Kate se straf
- Kate bly 'n droom
- Kate terug in bos
- Twee dae saam in die Bos
- Onderonsie met Kate se ouers
- Saul kies sy familie se welsyn bo 'n moontlike verhouding met Kate
- Saul se droom van 'n houtbesigheid verpletter
- Saul se besluit om weg te gaan
- Maska se nuus oor Jozef se kind
- Weeklange soektog na Oupoot
- Kate se aanbod oor die hoekerf
- Saul se droom dalk waar

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee.

[35]

OF

**VRAAG 2****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee: Kontekstuele vraag**

- 2.1 C/ Saul-hulle gewoon het toe hy 'n kind was. (1)
- 2.2 A/ die godsiekte hulle albei getref het. (1)
- 2.3 2.3.1 Onwaar (1)
- 2.3.2 Joram is dood nadat 'n boom op hom gevallen het. (1)
- 2.4 2.4.1 Onwaar (1)
- 2.4.2 Enigeen:  
Saul is weg by die begrafnis sonder om iemand te groet.  
Op die begrafnis het Saul met niemand gemeng nie.  
Jozef het nie eers daaraan gedink om Saul te laat weet sy pa is dood nie. (1)
- 2.5 2.5.1 Enigeen:  
Hy wil vir Oupoot skiet / Hy wil by Oupoot uitkom voordat Terblans hom kry / Hy wil Oupoot 'n vernederende dood spaar. (1)
- 2.5.2 Uiteindelik loop Oupoot kringe met Saul tot bo in Meulbos. (1)
- 2.6 2.6.1 Hy is nou beter af as hulle / Hy het uit die skewe sirkel ontsnap / Hy weet hy laat hulle nou sonder genade. (1)
- 2.6.2 Nee.  
Hy het immers sy bes gedoen √ om hulle te oortuig hulle moet ook delf. Hulle wou nie na hom luister nie. √  
NB (Geen punt word toegeken vir ja/nee nie. Motivering tel 2 punte) (2)
- 2.7 2.7.1 Hy het niks aanvaar sonder om dit eers vir homself uit te werk nie /  
Hy was die enigste een wat kon sien hoe hulle die Bos uitmergel / Hy het die moed gehad om gewoontes/tradisies/geloofies uit te daag. (1)
- 2.7.2 Niemand het geweet waar hy delf nie / Hy het hom nie met die ander delwers gemeng nie / Hy was die enigste een wat bereid was om op te hou delf, m.a.w. die goud het hom nie besit nie / Hy was die enigste een wat omgegee het vir die Bos en wat baklei het teen die uitroeiing daarvan. (1)
- 2.8 2.8.1 B/ Hy wil nie langer 'n pad loop wat nêrens uitkom nie.  
2.8.2 F/ Hy glo nie meer wat die Bosmense vertel nie.  
2.8.3 D/ Hy weier om die byl te lig teen die groot kalander.  
2.8.4 A/ Hulle glo Saul gaan verkla hulle omdat hulle olifante skiet.  
2.8.5 E/ Saul kies die kant van die bosbewaarders.  
2.8.6 C/ Arend is dood nadat hy Saul gehelp het. (6)

- |      |  |     |
|------|--|-----|
| 2.9  | 2.9.1 Joram<br>2.9.2 Oopoot hom geskep het.<br>2.9.3 Maska   | (3) |
| 2.10 | Jozef: Fisies sterk ✓; Saul Intelligente een. ✓<br>Jozef: Klou vas aan tradisies ✓; Saul bevraagteken alles. ✓ OF<br>Jozef: Hy bly in die skewe sirkel ✓; Saul breek weg uit die sirkel. ✓   | (4) |
| 2.11 | 2.11.1 Dis asof Oopoot altyd geweet het waar Saul was en wanneer hy probleme gehad het/Dis asof Saul instinktief geweet het dat Oopoot anders as die ander grootvoete was.<br><b>Nie:</b> Dit was Saul se dierbroer nie.   | (1) |
|      | 2.11.2 Die keer toe Saul en Jozef Diepwalle toe moes stap om die nuus van hul ma en suster se dood te gaan gee.  | (1) |
|      | 2.11.3 Oopoot lok hom tot bo by Meulbos waar hy vir Jozef weer sien en die aanbod maak oor 'n nuwe toekoms. Dit het hom ook die kans gegee om vir sy broer te kon sê hy is jammer oor sy kind se dood.   | (1) |
| 2.12 | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die skewe sirkel hou verband met die houtkooptaktiek waardeur die houtkopers die houtkappers immer in die skuld hou en hulself verryk.</li> <li>Hout is altyd derdeklas of die verkeerde soort sodat die houtkopers min daarvoor hoeft te betaal.</li> <li>Om meer geld te kry, kap die houtkappers al meer bome of wend hulle tot ivoor.</li> <li>So word die Bos al meer uitgeroei.</li> <li>Die goewerment stuur enersyds boswagters om die bos te bewaar, maar eis andersyds al meer hout vir dwarslêers /meubels.</li> </ul> | (5) |
| 2.13 | C/n mens nooit kan weghardloop van jou probleme nie.   | (1) |

## VRAAG 3

### MEEULANDERS – Esta Steyn: Opstelvraag

#### Inleidingsparagraaf

Lyf:

- Traumatische gebeurtenis: brand
- Verandering nodig, maar twyfel oor regte besluit
- 3 jaar om lewe oor te begin
- Voëlvrou – navorsing vir boek oor kusvoëls
- Kom op Salamanderbaai aan met tweede naam en nooiensvan
- Met aankoms deel van dorp – verkiesingsplakkate
- Bly eers by Langhanse tot patrollieboot kom.
- Ryna staan by Matthys oor kreef – assosieer haar met hulle
- Kaptein van Meeuland laat haar onwelkom voel
- Nie welkom as vrou nie
- Jannerik help haar op eiland
- Huisie baie primitief, vuil
- Swartstoof/dra water aan
- Gewoond aan grimering/mooi klere/persiese matte/alle geriewe
- Kry burgerbandradionaam: Mama Meeu
- Verstaan vir Jannerik en sorg vir Janka
- Sien ander se seer raak
- Hier word sy weer mens
- Vind liefde by Jacob
- Leef naby natuur
- Gehoorsaam natuurwette
- Tevrede met eenvoudige dinge/sien sin daarin
- Kan alleen wees/nie ander nodig om haar te vermaak nie
- Plek wat pyn verlig
- Weg van ander mense/besin oor verlede

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee.

[35]

OF

**VRAAG 4****MEEULANDERS – Esta Steyn: Kontekstuele vraag**

- 4.1 Haar boek word in Stellenbosch bekendgestel. (1)
- 4.2 Kusvoëls se gewoontes. (1)
- 4.3 4.3.1 Aan die einde van haar 3 jaar; sy moet Meeuland vlaat; sy wil dit as herinneringe saamneem. (1)
- 4.3.2 Die jettie verbind Salamanderbaai met Meeuland. Dis hoe Ryna daar aangekom het en dis waarvandaan sy vertrek; aangename herinneringe aan jettie. Jannerik is/was haar steunpilaar. Pyn a.g.v. verlies van geliefde bind hulle; ook Janka se geheim; saam boom geplant. Flip-flap was haar eerste besoeker in haar nederige huisie/herinner haar aan haar werk op eiland. Die graffie verwys na Elsabet se dogtertjie wat gesterf het/die geheim wat sy, Jannerik en Jacob deel. (5)
- 4.4 D/Salamanderbaai (1)
- 4.5 Ryna se dagboek ... die storielyn (2)
- 4.6 Sy bestudeer meeue/ Sy het 'n sorgsame aard. (1)
- 4.7 C/Matthys Langhans (1)
- 4.8 Aanvanklik het sy met die hulp van Fred as te ware van Meeuland af weggevlug. In haar desperaatheid besef sy later dat Meeuland die enigste plek was waar sy liefde beleef het en vlug sy terug daarheen. (2)
- 4.9 Haar traumatische verlede was soos 'n wolk, maar op Meeuland het sy oor begin en weer liefde gevind – son/Sy kom met 'n stukkende hart en lewe op Meeuland aan, maar later vind sy weer liefde en geluk daar. (2)
- 4.10 4.10.1 Waar (1)
- 4.10.2 • Janka se geboorte  
• Ryna ontdek wie Janka se pa is  
• Elsabet verdrink (3)
- 4.11.1 Ousanna (1)
- 4.11.2 minder (1)
- 4.12 4.12.1 DTwilight  
4.12.2 E/Mama Meeu  
4.12.3 C/Duiker  
4.12.4 B/Pikkewyn  
4.12.5 A/Handigas (5)

- 4.13 C Ryna begin brood bak en dis 'n sukses.  
 A Ryna en Jannerik plant 'n boom.  
 D Ryna koop Ousanna se huis.  
 B Jacob en Ryna vind liefde op Meeuland. (4)
- 4.14 4.14.1 Onwaar (1)
- 4.14.2 Sy maak vir Janka 'n lap-pikkewyn OF  
 Sy het haar rok van rooi gordynmateriaal gemaak. (1)
- 4.15 geheime/geheimhouding (1)  
**[35]**

**OF****VRAAG 5****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver:  
 Opstelvraag**

Inleiding:

Verwys bv. die verskillende boustene van 'n roman en dui die belangrikheid van karakters in 'n verhaal aan.

Lyf:

Hanna:

- Die verteller in die verhaal: gee dus inligting oor haarself aan die leser
- Hoofkarakter
- Sy stel ons aan haar ongelooflike ingewikkeld gesin voor
- Wil eendag 'n skrywer word
- Ontevreden met haar lewe
- Bevraagteken alles (Hanna Hoekom)
- Voel aanvanklik niemand stel belang nie/het geen opwindende liefdeslewe nie/lewe is geen sprokie nie
- Gavin laat haar besef sy is "fabulous"
- Aan die einde van die verhaal het sy haarself aanvaar

Fabienne:

- Hanna se alter ego/die persoon wat sy eintlik graag wil wees
- Eksotiese naam
- Stralend gelukkig
- Het 'n gewone gesin en woon in 'n argitekontwerpte huis met 'n mooi tuin
- Ma trek mooi aan/goedversorgd
- Pa het goeie werk en het 'n goeie verhouding met Fabienne
- Luukse vakansies
- Aantreklik vir seuns
- Hanna dink dat as sy Fabienne kan wees, sal haar lewe makliker wees

Mana:

- Hanna se ma
- Baie eksentriek (gee 2/3 voorbeelde – klere, werk, ens.)
- Lief vir kinders
- Eerste man: gay; tweede “man” : proefbus
- Sorg goed vir gesin
- Aanvaar haar dogter sonder voorwaardes
- Funksie in verhaal: help die verteller om Hanna se storie te vertel

Beyers:

- Hanna se stiefpa
- Beste man wat Mana nog gehad het
- Sterk man
- Akteur/radio-en TV-werk
- Tree op by kunsfeeste
- Sorg goed vir gesin
- Dra daar toe by dat almal mekaar beter leer ken/aanvaar
- Ondersteun Hanna in haar ideaal om te skryf
- Funksie in verhaal: help die verteller om Hanna se storie te vertel

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee.

[35]

## OF

### VRAAG 6

#### DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver: Kontekstuele vraag

- |       |  |     |
|-------|--|-----|
| 6.1   | A/Sy verwaarloos haar gesin.   | (1) |
| 6.2   | D/Sy het die bynaam, Hanna Hoekom, gekry.  | (1) |
| 6.3.1 | Onwaar   | (1) |
| 6.3.2 | Sy het geglo dis geldmors OF Dis deel van Hanna se karakter.   | (1) |
| 6.4   | Sy sê sy sal altyd haar liefste, liefste Hanna Hoekom bly.<br>Sy aanvaar dit dat Hanna altyd alles bevraagteken  | (2) |
| 6.5   | 6.5.1 Eerstepersoonsverteller  | (1) |
|       | 6.5.2 Gee Hanna se emosies en gedagtes die weer (demonstreer).   | (1) |
| 6.6   | Sy moet mooi aantrek.<br>Sy moenie werk nie.<br>Sy woon skoolvergaderings by sonder om ander te beleidig of met hulle te baklei.<br>Sy dra nie snaakse hoede nie.<br>Sy moet goed wees met tuinmaak/n mooi tuin hê. (Enige DRIE) | (3) |

- | 6.7     | 6.7.1 F/Sterk en verantwoordelike versorger<br>6.7.2 E/ Kunstig, vrolik, lewenslustig<br>6.7.3 D/Irriterende agtjarige<br>6.7.4 C/"Cool" tiener<br>6.7.5 B/Hartseer seuntjie wat verlang na sy ma in Amerika<br>6.7.6 A/Rykmanskind wat graag 'n gewone gesinslewe wil hê  | (6)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
|---------|--|------------------------------|-------|----------|---------|--|------------------------------|-------|--|----------------------------|-----|
| 6.8     | Mana wou graag 'n kind hê, maar nie 'n man nie.<br>Gay-vriend, Gavin, word haar kind se pa.<br>Trou om familie tevrede te stel/reeds swanger toe hulle getroud is.   | (3)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.9     | 6.9.1 Beyers<br>6.9.2 Patat en Pampoen<br>6.9.3 Tafelberg  | (4)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.10    | ... uit 'n proefbuis kom.  | (1)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.11    | <ul style="list-style-type: none"> <li>Sy is haar ma se kind by Gavin.</li> <li>Haar broer is eintlik haar halfbroer omdat hulle nie dieselfde pa het nie, maar saam in een huis woon.</li> <li>Haar ma is 'n 2de keer getroud en hierdie man het ook kinders wat by hulle bly.</li> </ul> <p>Haar biologiese pa is ook nog deel van die gesin al woon hy nie by hulle nie. (Enige DRIE feite)</p> | (3)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.12    | Dwarsdeur die verhaal lees ons van Fabienne en Hanna.  |                              |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
|         | <table border="1"> <thead> <tr> <th></th><th>Hanna</th><th>Fabienne</th></tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Blyplek</td><td>Ou huis wat soos 'n aange-lapte spoorweghuis lyk</td><td>Huis deur 'n argitek ontwerp</td></tr> <tr> <td>Gesin</td><td>Saamgestelde gesin met eie ma, stiefpa, halfbroer en 2 stiefbroers</td><td>Eie ma en pa en een sussie</td></tr> </tbody> </table>                   |                              | Hanna | Fabienne | Blyplek | Ou huis wat soos 'n aange-lapte spoorweghuis lyk | Huis deur 'n argitek ontwerp | Gesin | Saamgestelde gesin met eie ma, stiefpa, halfbroer en 2 stiefbroers | Eie ma en pa en een sussie | (4) |
|         | Hanna  | Fabienne                     |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| Blyplek | Ou huis wat soos 'n aange-lapte spoorweghuis lyk   | Huis deur 'n argitek ontwerp |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| Gesin   | Saamgestelde gesin met eie ma, stiefpa, halfbroer en 2 stiefbroers   | Eie ma en pa en een sussie   |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.13    | C/ek my eie omstandighede moet aanvaar.  | (1)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.14    | Goeie opsomming van wat in die verhaal gebeur: Hanna se lewe saam met haar saamgestelde gesin is 'n vreemde, ongewone avontuur; anders as die gewone.  | (1)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |
| 6.15    | Dit verwys daarna dat die lewe maar is soos wat Hanna se lewe is en dat dit nie verander kan word nie. Al dink/voel sy dat sy nie werklik "lewe" nie, is haar lewe werklik. Sy moet haar lewe so aanvaar.  | (1)                          |       |          |         |  |                              |       |  |                            |     |

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 7

#### POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert: Opstelvraag

Inleidingsparagraaf

Lyf:

Eerste struikelblok: gedwonge verskuiwing uit Lambertsbaai na Nyanga

- Xhosas, veral vroue en kinders, mag nie meer in Lambertsbaai woon nie
- Familie trek in 1955 toe mense se besittings uit huise gegooi en huise afgebrand word.
- Poppie bly agter by Stone
- Een keer gevang/alleen agter/ander huise platgeslaan/verlang na mense
- Kaap toe sonder Stone
- Hier leer sy die paswet ken wat haar lewe verder omkeer.

Paswette en permitte word Poppie se tweede struikelblok

- Poppie kry 'n tydelike permit
- Probleme met verlenging van permit
- Hoor sy moet Ciskei toe omdat sy met Ciskeise burger getroud is
- Sonder permit moet Poppie wegkruip vir polisie

Derde struikelblok is haar verskuiwing na Mdantsane

- Stone sterf aan maagprobleme: stres en eensaamheid
- Was baie eensaam sonder Poppie/Poppie voel sleg hieroor
- Poppie pak sy goed in en sien hoe hy hom afgeskeep het om geld vir haar te kan stuur
- Los kinders in Herschel
- Poppie besluit om terug te keer Kaap toe om vir haar kinders te sorg

Vierde struikelblok: opstande, hoe sy haar kinders kan beveilig en Jakkie se deelname

- Poppie is bly haar kinders is nie deel van Soweto-opstande, wat later ook na Kaap versprei nie
- Jakkie glo hy veg vir al die onreg teen haar en haar kinders
- Poppie is ontsteld oor Jakkie se aandeel aan onluste
- Jakkie word gevang
- Jakkie neem deel toe kinders vir Plank slaan
- Jakkie skiet later 'n polisieman
- Word gesoek vir poging tot moord en sabotasie
- Vlug en betrek Poppie se kinders

Poppie moet berus:

- Poppie het alles probeer om haar kinders te beskerm.
- Klein Vukile saamgebring uit Mdantsane en hier sterf hy toe 'n klip hom tref
- Poppie besef sy kan nie langer haar kinders beskerm nie.
- Sy besef hulle moet die stryd voortsit
- Hulle reis deur die lewe gaan voort

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee. Wys hoe Poppie uiteindelik berus het by die onvermydelike; sy sien dit ook as God se wil.

[35]

## OF

### VRAAG 8

#### **POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert: Kontekstuele vraag**

- |     |   |     |
|-----|---|-----|
| 8.1 | A/meisie uit die geslag van groot vroue   | (1) |
| 8.2 | Hierdie stelling is verkeerd.<br>Dit wat sy in spreekbeurt 1 sê, wys sy is 'n sterk vrou wat nie sommer tou opgooi nie. | (1) |
| 8.3 | 8.3.1      Mdantsane  | (1) |
|     | 8.3.2      Haar verblyfpermit   | (1) |
|     | 8.3.3      'n Huis<br>Skool vir haar kinders  | (2) |
|     | 8.2.4      Alle vroue van Ciskeise burgers moes die Kaap verlaat.<br>Sy kon nie verlenging van haar permit kry nie.     | (2) |
| 8.4 | A/motoriese moment  | (1) |
| 8.5 | 8.5.1      Geen vriende nie<br>Verlange na haar mense   | (2) |
|     | 8.5.2      Kinders kan skoolgaan<br>Stone sorg finansieel   | (2) |
| 8.6 | C/baie jammer voel vir haarself   | (1) |
| 8.7 | 8.7.1      B/"As jy nie meer eenkant toe kan nie, draai jy maar jou koers om."  |     |
|     | 8.7.2      E/ Ontdek dat Poppie se kleinkind dood is op haar rug.   |     |
|     | 8.7.3      D/ Bied huisvesting vir die familie na ouma Hannie se dood.  |     |
|     | 8.7.4      A/ Skiet 'n polisieman   |     |
|     | 8.7.5      C/ Laat Poppie snags wakker lê van bekommernis   |     |
|     |   | (5) |

8.8	8.8.1	bord	
	8.8.2	kombers	(3)
	8.8.3	stukkies klere	
8.9	8.9.1	Onwaar	(1)
	8.9.2	Poppie word inglig dat Bonsile 'n weeskind swanger gemaak het en nou moet daar skadevergoeding betaal word.	(1)
8.10	8.10.1	Onwaar	(1)
	8.10.2	Maagprobleme n.a.v. spanning. Hy besoek toe 'n kruiedokter wat medisyne gegee het wat te sterk was.	(1)
8.11	B	Poppie en Stone trou	
	A	Die gedwonge verskuiwing van Lambertsbaai na Nyanga	
	D	Soweto-opstande van 1976	
	C	Bonsile en Nomvula word gearresteer	(4)
8.12		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Openingstoneel: vrolike Afrika-atmosfeer.</li> <li>• Na onluste van 1960 met kolligte op Mosie, Poppie en kinders – profetiese voorspelling van 1976-onluste en atmosfeer raak gespanne omdat kyker die geskiedenis ken.</li> <li>• Jakkie sê: "Cause why, we're waiting to die". Laat sy woorde aansluit by voorspelling van 1960. Atmosfeer is onheilspellend omdat sy woorde so dramaties is.</li> <li>• Vukile se dood: musiek op Hardy-boog. Atmosfeer is kil weens die blou lig en die skok van die onskuldige kind se dood.</li> <li>• Einde van die drama: lied as gebed sodat daar 'n atmosfeer van berusting kom.</li> </ul>	(5)

OE

VRAG 9

PALJAS – Chris Barnard: Opstelyraaq

## Inleidingsparagraaf

Lyf;

- McDonalds vasgevang in vervelige, afgesonderde bestaan
  - Al vier ongelukkig
  - Ouers se verhouding stram: geen liefde/verwyt mekaar
  - Emma: gefrustreerd; vertrou geen man
  - Willem: emosioneel versteurd; praat nie
  - Baie rusies en beskuldigings
  - Willem se toestand bekommert die ouers
  - Willem se "andersheid" maak dat die gemeenskap die gesin nie aanvaar nie

- Sirkustrein verkeerdelik op Toorwater afgehaak
- Hendrik is stasiemeester/ontsteld
- Trein vertrek en nar bly agter
  
- Nar raak bevriend met Willem
- Leer Willem allerlei toertjies
- Leer Willem praat
- Emma begin klavier speel
- Gesin staan saam om nar se wonde te verpleeg
- Res van gesin vind mekaar
  
- Na Volstruisdans se episode, besef dorpsmense hul fout
- Kom plaas toe om verskoning te vra
- Besef hulle was verkeerd
- Paljas werk deur na hele Toorwater

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee.

[35]

## OF

### VRAAG 10

#### **PALJAS – Chris Barnard: Kontekstuele vraag**

- |      |  |     |
|------|--|-----|
| 10.1 | B/Toorwater  | (1) |
| 10.2 | 10.2.1 Kommunikasie onvoldoende/liefdeslewe problematies.  | (1) |
|      | 10.2.2 Dit is verkeerdelik daar afgehaak.  | (1) |
|      | 10.2.3 Vrees vir alles wat onbekend is/afgesonderheid.   | (1) |
|      | 10.2.4 Haar hunkering na vryheid/dinge wat buite haar bereik is.   | (1) |
| 10.3 | A/motoriese moment   | (1) |
| 10.4 | 10.4.1 Willem sien Manuel met 'n olifant aan 'n tou deur die veld stap.  | (1) |
|      | 10.4.2 Hoe om muntstukke in 'n sakdoek te laat verdwyn.<br>Hoe om gekleurde balle in die lug te gooい en te vang. | (2) |
|      | 10.4.3 Manuel maak diere-geluide na.   | (1) |
|      | 10.4.4 Gebrek aan kommunikasie in die gesin.   | (1) |
| 10.5 | B/Hendrik wat nie sy volle potensiaal kan uitleef nie.   | (1) |

- |       |        |   |     |
|-------|--------|---|-----|
| 10.6  | 10.6.1 | B/ Vereensaam al hoe meer   |     |
|       | 10.6.2 | E/ Is die eerste een in die familie wat begin verander  |     |
|       | 10.6.3 | D/ Probeer alles met lawwe praatjies regpraat   |     |
|       | 10.6.4 | A/ Bang vir 'n vervelige toekoms  |     |
|       | 10.6.5 | C/ Hy bring verandering   | (5) |
| 10.7  | 10.7.1 | Bertie  |     |
|       | 10.7.2 | Nollie  |     |
|       | 10.7.3 | Gesig grimeer het/grimering aangesit het  | (3) |
| 10.8  | 10.8.1 | Onwaar  | (1) |
|       | 10.8.2 | Dis die <b>vreemde</b> trein wat hulle so bang maak omdat hierdie dorpie se inwoners ongemaklik voel teenoor alles wat hulle nie ken nie/Hulle woon en leef op 'n stasie en sien dus gereeld treine.  | (1) |
| 10.9  | 10.9.1 | Waar  | (1) |
|       | 10.9.2 | Die skuinsgedrukte woorde verduidelik vir die spelers presies wat hulle op 'n gegewe oomblik moet doen.   | (1) |
| 10.10 | C      | Hendrik rapporteer die trein wat onwettig op sy stasie staan.   |     |
|       | B      | Manuel besluit om agter te bly.   |     |
|       | D      | Willem begin weer praat.  |     |
|       | A      | Die inwoners van die dorp rand die McDonalds aan.   | (4) |
| 10.11 |        | Manuel het besluit om 'n kerkdiens in sy sirkuspak by te woon en met 'n gegrimeerde gesig. Hy was duidelik onwelkom, maar hy het dit eers nie besef nie. Vir hulle is hy iets uit die bose omdat hy lyk soos hy lyk. Hy moes uit die kerk vlug toe die kerkgangers hom agternasit. Hulle gaan soek hom by Hendrik-hulle in die skuur en skiet op hom. Hy word gewond.<br><br>Die kerkmense tree so op omdat hulle onverdraagsaam is teenoor alles wat anders is as hulle. Hulle verteenwoordig die res van die wêreld wat wil hê alle mense moet optree soos die meerderheid in die samelewning. AS iemand anders dink/leef, word so 'n persoon verwerp. Geweld is net die voertuig waarmee hulle hulle wil op ander afdwing. | (5) |
| 10.12 |        | Sluit goed aan by die pleknaam, Toorwater/Paljas verwys na "toorgoed"/ Manuel het sy paljas gebruik om die gesin en die res van die gemeenskappie te verander. (Enige TWEE)   | (2) |

## **TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 11

#### STORIEJOERNAAL: Opstelvraag

'n Beter lewe vir Mams – Zulfah Otto-Salie

Inleidingsparagraaf

Lyf:

- Die woord "mams" is 'n gevoelswoord wat op liefde en deernis dui
- Sprake van respek
- "Beter lewe" impliseer sy het nie 'n goeie lewe nie
- Solly begeer iets beters vir sy ma
- Dis nie noodwendig wat sy ma wil hê nie.
  
- Manenburg is die agtergrond: maatskaplike probleme/Ma verloor haar werk
- Solly verdien te min
- Het matriekvrystelling
- Ma is vir hom die belangrikste persoon in sy lewe
- Twee broertjies wat gespot word oor hul armoede
  
- Ma kry swaar, maar aanvaar haar omstandighede
- Aanvanklik bly oor kruideniersware, maar kom later agter waar geld vandaan kom
- Onwillig om deel van Solly se plan te wees
- Wil nikks hê wat hy koop nie
- As Solly in die tronk beland, vergewe sy hom slegs in haar hart
  
- Solly vra vergifnis in sy brief
- Vertel hoe diep dit hom geraak het as sy ma nikks wou gebruik wat hy koop nie
- Beklemtoon hy wou haar net gelukkig maak
- Bevestig sy respek en liefde vir sy ma
- Solly se ma ontvang tyding van sy dood voordat sy kan antwoord dat sy hom klaar vergewe het

Slotparagraaf: Moet opstel saamvat en eie mening gee.

[35]

OF

**VRAAG 12****STORIEJOERNAAL: Kontekstuele vraag****Die Engelman – Izak de Vries**

- 12.1 Daar is iemand anders.  
Sy wil steeds vriende bly met hom. (2)
- 12.2 Sy deel sy opgewondenheid oor Dover.  
Sy het nooit verveeld geraak met sy boekekennis nie.  
Natalie verstaan waarom hy eers wil gaan werk en dan studeer. (Enige TWEE) (2)
- 12.3 12.3.1 Dover (1)  
12.3.2 Daar speel baie fleiks/boek af waarvan hy weet of wat hy ken. (1)  
12.3.3 Sy baas is trots op hom/Hy verdien goeie fooitjies. (1)  
12.3.4 Die Afrikaanse meisies wat hom so laat verlang het. (1)  
12.3.5 Reeds al in graad 11 beplan.  
Hard studeer in graad 12 om goeie punte te behaal.  
Weet presies wat hy by sy terugkeer wil doen. (2)
- 12.4 12.4.1 Onwaar (1)  
12.4.2 Ons ken nie hierdie meisies se name nie.  
Selina was een van die meisies wat laatmiddag amper laat is vir die laaste boot. (2)
- 12.5 Dit dui aan hoe vinnig hulle gehardloop het. (1)
- 12.6 Haar taalgebruik. (1)
- 12.7 Engel – kom hulle te hulp toe die nood hoog was.  
Engelsman – spreek hulle in Engels aan. (2)
- 12.8 Albei uit Suid-Afrika.  
Albei Afrikaans.  
Albei dieselfde leessmaak.  
Albei ken die kruisie, m.a.w. Christene.  
Hy blank; sy Kaaps.  
Meer raakpunte as verskille. Hieruit lei ons af dat hulle verhouding kan slaag.  
Pa se houding kan sake egter vertroebel. (5)
- 12.9 D/sy ook Umberto Eco lees. (1)
- 12.10 A/ Hy skryf dit in sy boek en maak asof sy dit in die taxi vergeet het. (1)

12.11

- 12.11.1 E/ Buitestaander met ander belangstellings.  
 12.11.2 C/ Dover, met sy wit kranse, waar groot skrywers gewoon het.  
 12.11.3 A/ Een dag, van vroegoggend tot die aand.  
 12.11.4 B/ Liefdesverhouding tussen mense uit verskillende agtergronde.  
 12.11.5 D/ Ander boeke toon raakpunte met die teks wat jy lees.

(5)

12.12

- F Chris kry Natalie se brief.  
 C Chris is bly daar is baie werk om hom besig te hou.  
 B Silina bid dat hulle 'n taxi kry om die skip betyds te haal.  
 D Chris besef daar is 'n geleentheid om Selina weer te sien.  
 A Hy skryf sy nommer in die boek wat hy vir haar gee.  
 E Silina stuur vir hom 'n sms waarop hy antwoord.

(6)

[35]

**TOTAAL AFDELING C: 35****OF****AFDELING D: GEDIGTE**Beantwoord **TWEE** van die volgende kontekstuele vrae.**VRAAG 13****VERSJOERNAAL**

- 13.1 Positiewe (1)  
 13.2 B/ met aandag luister. (1)  
 13.3 13.3.1 Waar (½)  
       13.3.2 Spreker betrek so die leser by dit waarna sy stip luister. (1)  
 13.4 "gesuis" (reël 4) is 'n sussende klank teenoor "gedruis" met sy eksplosiewe klanke/dis 'n sagter klank. (1)  
 13.5 straatgeluide; voëlgeluid; stoofgeluide (3)  
 13.6 A/geïrriteerd. (1)  
 13.7 13.7.1 C/alliterasie  
       13.7.2 A/metafoor  
       13.7.3 B/oksimoron  
       13.7.4 D/klanknabootsing (4)  
 13.8 13.8.1 (vers)reëls  
       13.8.2 rymskema/-patroon (2)

- 13.9 "Saam met welkom in my oor" (1)
- 13.10 TV (1)
- 13.11 Wys hoe die TV se geraas haar ruimte binnedring (1)  
[17½]

**OF****VRAAG 14**

- 14.1 Tot siens/wederom (1)
- 14.2 "goedjies" (1)
- 14.3 Gedwonge verskuiwing/probleme/onsekerhede (1)
- 14.4 Skipskop is in die Overbergstreek. (1)
- 14.5 14.5.1 Onwaar (½)
- 14.5.2 Dit gaan hier oor hartseer van die hele gemeenskap omdat hulle hulle bekende wêreld moet verlaat. (1)
- 14.6 (blou)dam (1)
- 14.7 Onsekerheid (1)
- 14.8 Dui op die stukkende wêrelde a.g.v. gedwonge verskuiwing. (1)
- 14.9 A/woedend (1)
- 14.10 D/heeltemal te oud is om berg te klim. (1)
- 14.11 14.11.1 C/ sê ma' So long Skipskop Skipskop sê goodbye  
14.11.2 D/ Linkerhand regterhand watsekant lê die plek Misverstand  
14.11.3 B/ die wolke en die winde wat hier waai  
14.11.4 A/ swaarkry lê net voor die blou berge oor (4)
- 14.12 14.12.1 assonansie  
14.12.2 paarrym (2)
- 14.13 Lang klanke gebruik/verkleinwoorde soos "goedjies", "kindjie"/herhaling van woorde soos "goodbye" en "so long" = emotiewe taalgebruik (1)  
[17½]

**OF**

**VRAAG 15**

- 15.1 Retoriiese vrae (1)
- 15.2 Alles wat hy doen, ✓ doen hy om sy pa tevrede te stel. ✓ (2)
- 15.3 15.3.1 Onwaar (½)
- 15.3.2 “Pa se Cravenweek is geëwenaar” (1)
- 15.4 Die akademie; rugby; atletiek (3)
- 15.5 Sy siel/lewe (1)
- 15.6 D/dra ook donker skoolklere, nes sy pa. (1)
- 15.7 B/Paarrym (1)
- 15.8 15.8.1 C Swakplek, kwesbare plek  
 15.8.2 A 'n Probleemkind  
 15.8.3 D 'n Voorbeeld/model om na te volg  
 15.8.4 B Lyk presies soos iemand anders (4)
- 15.9 Metafoor (1)
- 15.10 Dit vervat/beskryf/vertolk die seun se ervaring van sy pa se verwagtinge van hom. ✓ Hy ervaar sy pa se ideale vir/verwagtinge van hom, as knellend; as iets wat hom wurg – 'n galgtou. ✓ (2)  
**[17½]**

**VRAAG 16**

- 16.1 Daar word hoofsaaklik beskryf hoe die mense en die kantien lyk. (1)
- 16.2 Die laaste paar reëls van die gedig is 'n vraag wat sy haarself afvra. (1)
- 16.3 16.3.1 Onwaar (½)
- 16.3.2 In reël 3 hou die kelnerin 'n glas tamatiesap vas. (1)
- 16.4 16.4.1 Ek-spreker/verteller  
 16.4.2 In die eerste strofe is die spreker 'n waarnemer; in die tweede strofe raak die spreker betrokke en gesels met die ou vrou.  
 16.4.3 Gebrekkige skoolopleiding/swak sosiale omstandighede. (3)
- 16.5 A/Kruisrym (1)
- 16.6 16.6.1 C/Eerste strofe  
 16.6.2 D/Sentrale figuur  
 16.6.3 A/Daar is 'n wending  
 16.6.4 B/Reëls 10 – 14 (4)

- |      |   |     |
|------|---|-----|
| 16.7 | 16.7.1 Vergelyking  | (1) |
|      | 16.7.2 Die kneukels is letterlik so rooi soos die tamatiesap; figuurlik dui die rooi kneukels op harde werk en verweer/afslouf/verwaarlosing. | (2) |
| 16.8 | “ek vat die vol glas lomp en sê, ...”   | (1) |
| 16.9 | Jong kelnerinne: Jong gesigte, opgetooi<br>Ou kelnerin: verrimpelde gelaat, afgesloof en stroef   | (2) |

TOTAAL AFDELING D: 35

GROOTTOTAAL: 70

## EERSTE ADDISIONELE TAAL: RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTEOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloeい en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
<b>Kode 7 A 80 – 100%</b>	Uitmuntend <b>20 tot 25 punte</b>	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend <b>08 – 10 punte</b>	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en afsluiting. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
<b>Kode 6 B 70 – 79%</b>	Verdienstelik <b>17½ – 19½ punte</b>	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdienstelik <b>7 – 7½ punte</b>	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en stylis korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
<b>Kode 5 C 60 – 69%</b>	Beduidend <b>15 – 17 punte</b>	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend <b>6 – 6½ punte</b>	Duidelike struktuur en logiese vloeい van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloeい van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
<b>Kode 4 D 50 – 59%</b>	Voldoende <b>12½ – 14½ punte</b>	Taanlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende <b>5 – 5½ punte</b>	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloeい en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
<b>Kode 3 E 40 – 49%</b>	Matige <b>10 – 12 punte</b>	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige <b>4 – 4½ punte</b>	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
<b>Kode 2 F 30 – 39%</b>	Basiese <b>7½ – 9½ punte</b>	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese <b>3 – 3½ punte</b>	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloeい van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
<b>Kode 1 F tot H 0 – 29%</b>	Ontoereikend <b>0 tot 7 punte</b>	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend <b>0 – 2½ punte</b>	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.